# Die WAPENRUSTING van

# GOD

Doug
Batchelor

KOPIEREG © 2002 DEUR
DOUG BATCHELOR

ALLE REGTE VOORBEHOU.

IN AFRIKAANS VERTAAL DEUR
ANITA VAN DEVENTER

VIR GEBRUIK IN DIE
TRANSVAAL KONFERENSIE

VOORBLAD FOTO DEUR DON SATTERLEE
VOORBLAD ONTWERP DEUR HALEY TRIMMER

# Die Wapenrusting van God

Deur DOUG BATCHELOR

Inhoud

Inleiding …………………………………………………………………
God se Wapenrusting – Nie Die Mens S'n Nie ……………………..
Gordel van Waarheid ……………………………………………………
Borsplaat van Geregtigheid ………………………………………..
Skild van Geloof ………………………………………………………..
Helm van Verlossing ……………………………………………………
Evangelieskoene ……….. …………………………………………….
Swaard van God se Woord …………………………………………...
Deurentydse Gebed ……………………………………………………
Staan Vir Wat Reg Is …………………………………………………..
Uiteindelike Oorwinning ………………………………………………

*"Eindelik, my broeders, word kragtig in die Here en in die krag van sy sterkte. Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel. Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug. Daarom, neem die volle wapenrusting van God op, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle alles volbring het, staande kan bly. Staan dan vas, julle lendene met die waarheid omgord, met die borswapen van die geregtigheid aan, en as skoene aan julle voete die bereidheid vir die evangelie van vrede. Behalwe dit alles neem die skild van die geloof op waarmee julle al die vurige pyle van die Bose kan uitblus. En neem aan die helm van verlossing en die swaard van die Gees – dit is die woord van God – terwyl julle met alle gebed en smeking by elke geleentheid bid in die Gees, en juis daartoe waak met alle volharding en smeking vir al die heiliges."*

- Efesiërs 6:10-18.

---

**'n Verbasende Feit:** Daar word beraam dat daar reeds meer as 14 500 oorloë vanaf 3600 v.C. tot nou toe gevoer was – en dat die getal gedurig styg. Om die waarheid te sê, gedurende die tydperk was daar 5 305 jare van oorlog … en slegs 292 jare van vrede.

---

**Inleiding**

Die Bybel beskryf tallose gevegte. Van **Genesis** tot **Openbaring** openbaar sy bladsye dat daar beide fisiese en geestelike oorloë woed. Fisiese oorloë het die geskiedenis se aandag oorheers vanaf die tyd toe Kain sy broer Abel vermoor het, tot en met vandag. Dit behoort ons nie te verbaas nie, want Jesus het voorspel, ***"En julle sal hoor van oorloë en gerugte***

***van oorloë. … Want die een nasie sal teen die ander opstaan en die een koninkryk teen die ander" (Mattheus 24:6,7).***

Die hooffokus van die Skrif is egter die voortdurende stryd tussen Christus en Satan. In **Openbaring** lees ons dat wat as 'n kosmiese oorlog in die hemel begin het, binnekort in Armagéddon gaan eindig. Hierdie konfrontasie tussen die magte van die goeie en die magte van die bose, verseker dat waarheid en lig deurentyd onderworpe is aan aanvalle deur bedrog en duisternis.

En of u nou daarvan hou of nie, elkeen van ons is betrokke. Die slagveld vir hierdie intense geestelike stryd is nie 'n stukkie aardse eiendom nie; dit is die menslike hart. Beide Jesus en die duiwel is uiters geïnteresseerd om besit van ons verstande en harte te verkry. Om hierdie rede word daar van Christene vereis om meer as vreedsame toeskouers of bemiddelaars te wees in hierdie rampspoedige konflik. Ons moet toegewyde voor-linie kommando's wees.

God het bepaal dat al die fisiese gevegte wat in die Bybel opgeteken is – van Gideon se geveg met die Midianiete tot Dawid se oorwinning oor Goliat – kan dien om ons te leer hoe ons oorwinning in geestelike konflik kan ervaar. Dit is natuurlik vanselfsprekend dat omdat hierdie gevegte geestelik van aard is, die wapens wat ons gebruik ook geestelik moet wees. Dit is waarom Paulus ons herinner, ***"***Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug" (Efesiërs 6:12).

Alhoewel ons wapenrusting en wapens geestelik is, beteken dit nie dat hulle denkbeeldig of ondoeltreffend is nie. ***"Want hoewel ons in die vlees wandel, voer ons die stryd nie volgens die vlees nie; (want die wapens van ons stryd is nie***

***vleeslik nie, maar kragtig deur God om vestings neer te werp)"* (2 Korinthiërs 10:3,4).**

Paulus maak dit ook duidelik dat die Christen se toewyding tot sy saak en Bevelvoerder so werklik en volkome moet wees soos die van enige aardse soldaat. ***"Ly dan verdrukking soos 'n goeie krygsman van Jesus Christus. Niemand wat 'n krygsman is, wikkel hom in die werksaamhede van die lewensonderhoud nie, sodat hy die een kan behaag wat hom vir diens gewerf het." (2 Timotheus 2:3,4).***

---

**God se Wapenrusting – Nie Die Mens S'n Nie**

Die eerste keer toe ek 'n studie oor die wapenrusting van God gedoen het, het ek al die Bybelse verwysings oor wapenrusting nageslaan en gesoek vir gedeeltes wat die belangrikheid daarvan sou ondersteun en verhoog om wapenrusting te dra wanneer daar aan 'n oorlog deelgeneem sou word. Ek was 'n bietjie teleurgesteld om te vind dat Saul se wapenrusting nie vir Dawid gepas het nie en dat Goliat se wapenrusting niks beteken het teen Dawid se klippie nie. Ek het ook ontdek dat 'n verdwaalde pyl 'n opening in Agab se wapenrusting gevind en die bose koning gedood het. *"Wapenrusting is nie eintlik veel werd nie!"* het ek gedink.

Ek het egter toe besef dat daar nie van ons vereis word om die gebrekkige liggaamlike wapenrusting van Saul, Agab, of Goliat te dra nie. Ons moet eerder die onfeilbare wapenrusting van God aantrek! Om die waarheid te sê, op daardie tydstip toe Paulus sy brief aan die Efesiërs geskryf het, was hy heel moontlik aan 'n soldaat vasgeketting wat geklee was met die wapenrusting van die Romeine Ryk. Paulus kon eerstehands sien hoe swak die verdediging van die mens teen die prins van

duisternis was. Dit is waarom hy **"*die wapenrusting van God*"** tweekeer beklemtoon het. Dit is ook duidelik dat Paulus uitgebrei het op die woorde van die Ou Testamentiese profeet Jesaja, wat 'n soortgelyke geestelike verbintenis gemaak het vir twee van die dele van die aardse wapenrusting. **"En Hy het geregtigheid aangetrek soos 'n pantser, en die helm van heil was op sy hoof" (Jesaja 59:17)**.

Nou dat ons bevestig het dat ons die wapenrusting van God moet dra en nie die van die mens nie, moet ons versigtig wees om nie die vermaning om al die artikels wat God voorsien het te dra, mis te kyk nie. **Efesiërs 6:11** waarsku, ***"Trek die volle wapenrusting van God aan,"*** en **Efesiërs 6:13**, verklaar, ***"Daarom, neem die volle wapenrusting van God op."*** Dit is waar baie Christene faal. Hulle neem sommige van die wapenrusting, maar vergeet een of twee dele van die uitrusting – en dit kos hulle die ewigheid.

Onder die inspirasie van die Heilige Gees, heg die apostel Paulus 'n geestelike verbintenis aan sewe van die dele van die aardse wapenrusting. Laat ons hierdie artikels van verdediging een vir een bestudeer om te sien wat ons kan leer.

---

**Gordel van Waarheid**

In Bybelse tye het die gordel om die middellyf die soldaat se klere bymekaar gehou, wat andersins sy bewegings kon strem terwyl hy gemarsjeer het of in stryd gewikkel was. Die geestelike belangrikheid is dat God nie slegs wil hê dat ons na die waarheid moet wys nie; Hy wil hê dat ons dit moet dra en om ons gevou moet hou. Nie slegs hou die gordel alles in plek nie, maar dit dien ook as hegplek vir die skede waarin die swaard van die Gees gereed gehou word om dadelik beskikbaar te wees. Sommige

mense het die swaard van God se Woord, maar sonder die gordel van waarheid kom hulle tot onbesonne gevolgtrekkings.

'n Paar jaar gelede het ek as 'n kamppredikant by 'n meer opgetree waar ons 'n groep seuns geleer het om kaalvoet op die water te ski.  Om suksesvol kaalvoet te kan ski, is dit nodig om baie vinniger te beweeg om op die water te bly as wanneer ski's gedra word.  Wanneer 'n skiër teen hierdie hoë snelheid val, is dit nie ongewoon vir hom om vinnig oor die oppervlakte van die water te rol en op en af te hop voordat hy sink nie.

Een aand het ons 'n laaste poging aangewend om 'n vasberade 11-jarige kamper te leer om kaalvoet te ski.  Terwyl die boot teen 70 kilometer per uur voortgesnel het, het hy vir 'n flitsende oomblik geski – maar in 'n oogwink het hy neergeval en begin om op en af oor die oppervlakte van die meer te hop en te rol soos 'n klippie wat op water gegooi is.  Toe ons omgedraai het na waar die half bedwelmde seun met sy reddingsbaadjie aan rondgedryf het, het ek opgemerk dat hy 'n verwarde kyk op sy gesig gehad het.

*"Is alles in orde?"* het ons gevra.  Hy het sy kop geknik.

*"Wil jy nog eenkeer probeer?"* het ons gevra.  Die seun het sy kop negatief geskud.

*"Goed dan,"* het die bestuurder van die boot gesê.  *"Spring in die boot en ons sal oewer toe gaan."*

Hierdie keer het hy egter gepraat.  *"Nee,"* het hy gesê.

Dronkgeslaan het ons herhaal:  *"Is alles reg?"*  Hy het weer sy kop geknik.

*"Wat is dan die probleem?"* het ons gevra.

Terwyl hy wanhopig rondgekyk het, het die seun geantwoord, *"Ek kan nie my swembroek kry nie!"*

Swembroek vervaardigers voorsien 'n toutjie om die middel om so 'n verleentheid te verhoed, maar die jong seun het

nagelaat om dit vas te maak.  Net so, het baie verwarde Christene nakend en skaam gevlug toe hulle deur die vyand uitgedaag was, omdat hulle nie die gordel van waarheid vasgemaak het nie.  Moet nooit vergeet dat om die gordel van waarheid te dra, ook beteken om Christus te dra nie, want Hy is ***“die weg, en die waarheid en die lewe”*** **(Johannes 14:6)**.  Dit is waarom Paulus gesê het:  ***“Want julle almal wat in Christus gedoop is,*** **het julle met Christus beklee*.”*  (Galasiërs 3:27,** beklemtoning bygevoeg).

---

**Borsplaat van Geregtigheid**

Die borsplaat was ‘n belangrike deel van verdediging wat die bolyf voor en al die onmisbare organe beskerm het teen ‘n noodlottige wond.  Dit het dikwels bestaan uit ‘n soliede stuk metaal, maar dit kon ook verskeie klein stukkies wees wat aan materiaal of leer oormekaar vasgewerk was, soos die skubbe van ‘n vis.  Die bostukke kon uit tussen 700 tot 1,000 stukkies metaal bestaan.  Wanneer die son direk op die wapenrusting geskyn het, kon dit baie warm word.  Om dus te voorkom dat die bewegende metaalplaatjies die persoon brand of knyp, het die soldate altyd ‘n sterk kleed onder die wapenrusting gedra.

Met ander woorde, die borsplaat van geregtigheid, word altyd gedra tesame met die kleed van Jesus se geregtigheid.  ***“Die geregtigheid was my kleed,”*** **(Job 29:14)**.  Hou ook in gedagte dat die hoëpriester ‘n goue borsplaat oor sy linnekleed gedra het met 12 kosbare edelgesteentes, elkeen met een van die 12 stamme van Israel se naam daarop gegraveer, wat nabyheid aan die hart voorgestel het.  ***“So moet Aäron dan die name van die kinders van Israel in die borstas van beslissing op sy hart dra”*** **(Exodus 28:29)**.  Die enigste wyse waarop ons oorwinning kan behaal in ‘n stryd met die duiwel, is deur die versekering dat

die geregtigheid van Jesus ons harte bedek en dat ons vergewe is.

‘n Ander interessante aspek van die borsplaat was dat dit geen beskerming vir die persoon se rug gebied het nie. Daar was aangeneem dat soldate nie hulle rug op die vyand sou draai om te retireer nie. Net so behoort Christene vas te staan en nooit enigsins aan die duiwel toegee nie. Inteendeel, laat die duiwel wegvlug van u standvastige lojaliteit. ***“Onderwerp julle dan aan God; weerstaan die duiwel, en hy*** **sal van julle wegvlug*.”* (Jakobus 4:7**, beklemtoning bygevoeg). Hierdie was die strategie wat Jesus toegepas het om oorwinnend uit die stryd te tree nadat hy in die woestyn deur die duiwel versoek was. ***“Toe sê Jesus vir hom: Gaan weg, Satan! Want daar is geskrywe: Die Here jou God moet jy alleen aanbid en Hom alleen dien. Daarna het die duiwel Hom laat staan.”*** **(Mattheus 4:10,11)**.

---

**Skild van Geloof**

Die soldaat se skild was die vernaamste deel van sy verdediging. Gewoonlik was dit uit hout of brons gemaak, en groot genoeg om die hele liggaam van die soldaat te beskerm wanneer hy neergebuk het onder die aanslag van pyle. Net so is geloof in Christus se bloed ons vernaamste verdediging teen die groot aanklaer **(Sagaria 3:1-5)**.

Die vyand is gedurig besig om sarsie na sarsie vlammende pyle van vleeslike begeertes af te vuur. Die doel vir hierdie skild van geloof was om die vurige pyle van die vyand af te keer en hulle te verhinder om kontak te maak. Vele Christene val op die slagveld en faal om die bose te oorwin, omdat hulle wag totdat hulle in die vure van versoeking gedompel is voordat hulle enige poging aanwend om weerstand te bied. Teen daardie tyd is dit

dikwels te laat. Sodra u ‘n vurige pyl na u sien aankom, is daar geen tyd om te verspil nie. Hou daardie skild van geloof op en doen alles in u vermoë om sover moontlik van die versoeking af weg te kom. Indien ons sonder ‘n geveg oorgee, is ons eintlik besig om versoeking uit te lok.

Die skild was nie slegs in die soldaat se hand vasgehou nie, maar was ferm aan sy voorarm vasgegespe sodat hy die hewige aanslae van ‘n vyand se swaard kon weerstaan, sonder vrees dat hy dit sou laat val. Net so kan Christene nie bekostig om ‘n oppervlakkige geloof te hê terwyl hulle in ‘n felle geestelike stryd verkeer nie.

Die skilde van weleer was dikwels kenmerkend en gemerk met die ampsteken of naam van die koning sodat soldate nie hulle eie kamerade aanval in die verwarring van die geveg nie. Net so moet ons ons skild, gemerk met die naam van ons Koning van konings, Jesus, voor ons hou wanneer die duiwel sy vurige pyle van versoeking afvuur. Deur geloof in Sy naam, kan ons enige versoekiing weerstaan.
***“Geen versoeking het julle aangegryp behalwe ‘n menslike nie; maar God is getrou, wat nie sal toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; maar Hy sal saam met die versoeking ook die uitkoms gee, sodat julle dit sal kan verdra.”*** **(1 Korinthiërs 10:13).**

---

**Helm van Verlossing**

Daar is verskeie Bybelverhale wat die belangrikheid daarvan beklemtoon om die kop gedurende die geveg te beskerm. Byvoorbeeld, Koning Abiméleg het gesterf omdat hy ‘n stadsmuur aangeval het sonder om eers sy helm op te sit. ***“gooi ‘n vrou die boonste meulsteen op die hoof van Abiméleg en verbrysel sy skedel.”*** **(Rigters 9:53)**.

Tydens ‘n ander geleentheid was die foutiewe dra van ‘n helm fataal. Die reus Goliat het woedend geword omdat die jong Dawid dit kon waag om teen hom te kom veg met slegs ‘n herderstaf en slingervel in sy hand. Goliat se hovaardigheid het hom klaarblyklik aangespoor om sy helm onverskillig terug te skuif, want minute later het ‘n gladde klippie uit Dawid se slingervel diep in die reus se voorhoof ingesink **(1 Samuel 17:40-49).**

Sommige belydende Christene het “klippe in die kop” omdat hulle nalaat om hulle helms te dra. Die doel van hierdie helm van verlossing is egter nie slegs om die klippe uit te hou nie, maar ook om die verstand binne te hou! U verstand behoort nie ontvanklik te wees vir alles en nog wat nie. Soos wat ons studeer en God se Woord verstaan, behoort ons gevestig te word in die waarheid ***“sodat ons nie meer kinders sou wees nie wat soos golwe geslinger en heen en weer gedryf word deur elke wind van lering, deur die bedrieëry van die mense, deur sluheid om listiglik tot dwaling te bring”*** **(Efesiërs 4:14).**

U liggaam het sewe heilige openinge van die nek af boontoe: twee neusgate, twee ore, twee oë, en een mond. (Ons grootste probleme kom gewoonlik deur wat by die mond in- en uitgaan. Dit mag wees waarom die Here ons slegs een mond gegee het – vergelyk Jakobus 3:5). Slegs in die hiernamaals sal ons eers besef hoe deurslaggewend elke persoon se keuses aangaande wat hulle toelaat om hulle verstand deur hierdie belangrike sintuie binne te gaan, vir hulle verlossing was. Ons moet die helm van verlossing noukeurig vasmaak en hierdie kanale tot die siel bewaak.

---

**Evangelieskoene**

In die Bybel is die voet die simbool vir die rigting of "wandelweg" van 'n persoon se lewe. Indien ons voete geskoei is met die voorbereiding van die evangelie van vrede gee dit vir ons goeie vastrapplek – en voorkom ook afvalligheid. Soos wat ons betrokke raak met die verspreiding van die goeie nuus, sal dit ons (en andere) versterk teen die vyand se aanvalle. ***"Hoe lieflik is op die berge die voete van hom wat die goeie boodskap bring, wat vrede laat hoor, wat goeie tyding bring, wat verlossing uitroep; wat aan Sion sê: Jou God is Koning!"*** **(Jesaja 52:7).**

Terwyl ek in New York City in die VSA opgegroei het, het ek en my broer, Falcon, soms by Rockefeller Center gaan ysskaats. Tydens een geleentheid het ek en hy in 'n klein broederlike argument betrokke geraak, en ek het ontdek dat dit baie moeilik is om te boks wanneer jy ysskaatse aanhet. Om goeie vastrapplek in 'n geveg te hê, is noodsaaklik vir oorwinning, anders is mens geneig om rond te gly.

'n Vriend van my was op 'n staptog in 'n skroeiende warm woestyn bergreeks toe hy op 'n groot, vinnig-bewegende spruitjie afgekom het. Nadat hy water gedrink het, het hy sy nuwe stapskoene en kouse uitgetrek om te voorkom dat dit nat word terwyl hy die spruitjie oorsteek. Ten spyte van sy voorsorg het hy egter sy balans verloor en op 'n gladde klip gegly en beide sy nuwe skoene en kouse in die vinnig-vloeiende water verloor. Hy het toe die foltering beskryf om vir kilometers te stap oor vuurwarm rotse en deur kaktusomringde paadjies. Die les wat my vriend geleer het, is ook van toepassing op die Christelike lewe. U wil nie sonder u evangelieskoene gevang word terwyl u deur hierdie wildernis reis nie! Moenie u evangelieskoene vir enige rede uittrek nie. Ons hoef in elk geval nooit bekommerd te wees dat hulle verslete sal raak nie, want God sal dit versool elke keer

wanneer ons na die kruis terugkeer. Indien ons getrou is, sal Hy vir ons sê soos wat Hy aan die kinders van Israel gesê het: ***"Julle klere het aan julle nie verslyt nie, ewemin jou skoen aan jou voet."*** **(Deuteronómium 29:5)**.

---

**Swaard van God se Woord**

Die swaard was die algemeenste wapen in 'n veldslag. Die woord "swaard" kom 449 keer in die Skrifte voor. Die ander wapenrusting in God se arsenaal is verdedigend van aard, maar die swaard is hoofsaaklik 'n aanvalswapen. Om die waarheid te sê, is die swaard van God se Woord die wapen wat Jesus teen die duiwel gebruik het en dit het ook aan die dier van **Openbaring 13** 'n dodelik wond besorg (**Openbaring 13:3,14)**. Toe Jesus gesê het, ***"Ek het nie gekom om vrede te bring nie, maar die swaard"*** het Hy nie gesê dat Hy, die Prins van vrede, gekom het om oorloë te begin nie (**Mattheus 10:34)**. Hy het daarop gewys dat die swaard van God se Woord eerder 'n skeiding bewerkstellig.

'n Paar keer word hierdie swaard beskryf as 'n swaard met twee snykante: ***"Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart."*** **(Hebreërs 4:12)**. Dan sê die Bybel weer in **Openbaring 1:16**, ***"En in sy regterhand het Hy sewe sterre gehou, en 'n skerp tweesnydende swaard het uit sy mond uitgegaan."***

Die twee snykante van die Gees se swaard is die twee getuies van God se Woord, die Nuwe en Ou Testamente. Dit word ook 'n tweesnydende swaard genoem, omdat dit beide teen die vyand gebruik moet word, asook vir persoonlike gebruik.

Soos die Filippynse tronkbewaarder moet ons gereed wees om die swaard van God se Woord op onsself toe te pas (**Handelinge 16:27).**

Soldate van weleer het ook hulle swaarde gebruik om te kook, vuurhout te kap, en om toue wat hulle gevangenes vasgebind het, los te sny om hulle te bevry. Net so is die Woord van God ‘n praktiese stuk gereedskap vir elke aspek van die lewe, sowel as om teen die duiwel te veg. In Bybelse tye was daar geen vlekvrye staal nie. ‘n Swaard wat nie gebruik was nie het roeserig, dof en vol gaatjies geraak. Swaarde is skoon gehou deur dikwelse gebruik of om hulle teen ‘n klip (die Rots der Eeue) of ‘n ander soldaat se swaard te skuur. ***“Yster slyp yster”*** **(Spreuke 27:17)**. Net so, wanneer ons die Bybel saam met andere bestudeer, word ons vaardigheid in die Woord verskerp. ‘n Soldaat wat in vyandige gebied gereis het, het nooit sy swaard buite sy bereik gelaat nie. Net so behoort ‘n Christen ***“altyd bereid wees om verantwoording te doen aan elkeen wat van julle rekenskap eis omtrent die hoop wat in julle is, met sagmoedigheid en vrees”*** **(1 Petrus 3:15).**

---

**Deurentydse Gebed**

Die laaste van die oorlogstoerusting was in werklikheid ‘n houding. Enige generaal weet dat oorwinning byna altyd afhang van watter weermag die element van verrassing het. In die verhaal van Gideon, was die soldate gekies op die grondslag van hul oplettendheid, en hulle het die vyand aan die slaap gevang en hulle deur verrassing oorwin. Selfs die beste toerusting is byna nutteloos indien die soldate aan die slaap gevind word. Ons word beveel om ***“juis daartoe te waak met alle volharding”*** **(Efesiërs 6:18)**. Hier is nog ‘n paar Bybeltekse om by te voeg om hierdie punt te beklemtoon:

* ***"Waak en bid, dat julle nie in versoeking kom nie."*** **(Mattheus 26:41).**

* ***"Pas op, waak en bid, want julle weet nie wanneer die tyd daar is nie."*** **(Markus 13:33).**

* ***"Laat ons dan nie slaap soos die ander nie, maar laat ons waak en nugter wees."*** **(1 Thessalonicense 5:6).**

* ***"Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu en soek wie hy kan verslind."*** **(1 Petrus 5:8).**

"Deurentydse gebed" is in werklikheid dieselfde as om sonder ophou te bid **(1 Thessalonicense 5:17)**. Dit beteken nie dat ons die hele dag op ons knieë moet rondgaan nie, maar eerder dat ons gedurig bewus moet wees van God se teenwoordigheid en dat daar 'n vyand is wat ons agtervolg. In die verhaal van Nehemia vind ons dat God se volk gedurig met aanvalle bedreig was. Hierdie groep was 'n goeie voorbeeld van hierdie gedurige waaksaamheid. ***"Van die bouers aan die muur het die lasdraers hulle werk so gedoen dat hulle met die een hand die werk verrig het, terwyl die ander hand die werpspies vashou, en die bouers het elkeen sy swaard aan sy heupe gegord en gebou, terwyl die basuinblaser by my gestaan het."*** **(Nehemia 4:17, 18)**.

---

**Staan Vir Wat Reg Is**

Drie keer dring Paulus by sy lesers aan om te "staan" met die wapenrusting. 'n Weermag is net so goed soos sy dissipline; daarsonder is hulle verlore. Dit is tyd dat ons, God se soldate, ophou om slegs Sy gebooie te bespreek, en begin om dit te gehoorsaam. ***"Stry die goeie stryd van die geloof"*** **(1**

**Timotheus 6:12)**. Indien ons nie vir iets staan nie, sal ons vir enigiets val.

Tydens 'n hewige veldslag van die Amerikaanse Burgeroorlog het een Union afdeling 'n stortreën van koeëls getrotseer om 'n strategiese heuwel van die Confederacy af te neem. Nadat hulle halfpad teen die heuwel op gevorder het, het die moeë soldate moedeloos geword deur die voortdurende aanval en begin om teen die heuwel af te retireer. Toe het hulle opgemerk dat hulle vlagdraer, met die eenheid se vlag geweier het om terug te val. 'n Vlagdraer se werk was om die vlag oor die terrein te hou wat sy weermag beset het. *"Bring die vlagman af hier na ons toe,"* het die jongman se kamerade geskree. Ten spyte van kanonskote rondom hom, was hierdie dapper soldaat onwillig om 'n selfs 'n sentimeter af te staan. Hy het teruggeroep: *"Nee! Kom julle tot hier waar die vlag is."* Aangevuur deur die dapperheid van hulle kameraad het die Yankees hulle pogings hernu en die heuwel oorgeneem.

Te veel van God se soldate word kamerade van die vyand en probeer om die wêreld te bereik deur die standaarde van die kerk af te bring na hulle vlak. God doen 'n beroep op ons om onverskrokke tot op Sy standaard te kom.

Een van Koning Dawid se vernaamste manne was Eleásar. Hy het beroemd geraak toe die weermag van Israel teruggeval en van die vyand weggevlug het, en hy vas gestaan het aan Dawid se sy, en die twee van hulle het teruggeveg totdat hulle die Fillistynse mag verslaan het (**1 Kronieke 11:12-14; 2 Samuel 23:9)**.

Wanneer almal terugval, moet ons die gevegslinie behou. Indien u gedoop is, het u 'n belofte aan God gemaak, en die krag van daardie gelofte het nie met tyd verminder nie. Toe u by God

se weermag aangesluit het, het u beloof om in die kerk te werk en dit by te woon, u tiende te betaal, eenvoudig aan te trek, tot eer van God te eet en te drink, en om vir u liggaamstempel te sorg. God roep u om anders en buitengewoon te wees – om vas te staan in ‘n wêreld van ruggraatlose wonders. Indien u in die versoeking was om te retireer, draai om en kom terug na Sy standaard.

---

**Uiteindelike Oorwinning**

Ten slotte wil ek u verseker dat alhoewel ons in ‘n oorlog gewikkel is, hoef ons nie bang te wees nie. God se Woord sê vir ons hoe die stryd sal eindig en wie die uiteindelike oorwinnaar sal wees. Die Een wat ons wapenrusting gesmee het, waarborg die doeltreffendheid daarvan en beloof dat ***“die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie.”*** **(Mattheus 16:18)**.

Hoe kan ons vasstaan? Hoe kan ons veg? Paulus gee vir ons die antwoord in die begin van die gedeelte: ***“Eindelik, my broeders, word kragtig in die Here en in die krag van sy sterkte.”*** **(Efesiërs 6:10).** Jesus het gesê, ***“Sonder My kan julle niks doen nie.”*** **(Johannes 15:5)**. Ons word ook soos volg verseker ***“Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee.”*** **(Filippense 4:13).**

In sy eerste brief aan die kerk van Korinthe, vra Paulus, ***“Wie dien ooit as soldaat op eie koste?”*** **(1 Korinthiërs 9:7)**. God betaal die rekening vir die volle wapenrusting. Alles wat ons nodig het, was by Golgota gekoop met die bloed van Sy eie geliefde Seun. Net soos Jonatan wat vir Dawid so liefgehad het dat hy vir hom sy wapenrusting, swaard, kleed en ook inderwaarheid sy troon gegee het (**1 Samuel 18:3,4)**, gee Jesus ons alles wat ons nodig het om verseker te wees van ‘n totale en finale oorwinning.

Tot dan sal ons veg vir die dag wanneer ***"En hulle sal van hulle swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse; nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie."*** **(Jesaja 2:4)**.